DBV sê .....

Moet nie julle honde seermaak deur te sny onder hulle tonge nie

Party mense glo nogsteeds dat daar 'n "wurm" is wat onder die tonge van honde bly en as die "wurm" uitgeknip word sal die hond sterk groei, gesond word van siektes, gewig optel as die hond maer is en 'n goeie jagter wees.

Is daar 'n "wurm"onder die tong van 'n hond? Nee!! Daar is nie 'n "wurm"onder die tong nie!

Die "wurm"is eintlik 'n weefsel wat die frenulum genoem word wat direk onder die tong lê om die tong in plek te hou.

Die hond se tong is soos 'n lang spier en is een van die belangrikste dele van die hond se liggaam. Buiten om te eet en water te drink, word die tong gebruik om hulself skoon te maak en natuurlik as hulle hyg om af te koel.



Mense het ook die weefsel onder hulle tonge (maar dit is baie kleiner) as jy jou tong in jou eie mond oplig is dit baie maklik om die weefsel te voel met jou vinger.

As die weefsel onder die tong geknip word veroorsaak dit dat die tong nie behoorlik werk nie en die hond kan nie werk, eet of behoorlik drink nie wat lei tot dehidrasie, hongersnood en sterfgevalle.

Hierdie prosedure veroorsaak infeksie, pyn en leiding en is teen die wet, want dit is baie wreed.

Dit is baie wreed om 'n hond se tong te sny en dit moet nie gedoen word nie.

Uitgereik deur die Nasionale Raad van Dierebeskermingsverenigings

Tel: 011 907 3590

Fax: 011 907 4013

E-mail: nspca@nspca.co.za